Cynanchum orangeanum (Fam. Apocynaceae)

A: wilde kambro, wildepiesang

Die klein onskynbare vaal kruid met twee of drie kort ietwat sukkulente stingels wat vertak en touagtige vaal blare dra, groei in sandgrond. Dit is een van die melktougewasse en nou verwant aan die melktou *Cynanchum viminale,* wat wyd verspreid in Namibië voorkom, stel dus lateks (wit plantsap) vry as gebreek word.

Dit word maar 20 cm hoog en vang einlik net die oog, wanneer dit in volle blom is. Alhoewel die blommetjies so klein is, sien ‘n mens dit, omdat daar WIT is, waar ons nie wit kleur vermoed nie. Die bestuifde blomme produseer horingagtige gespikkelde saadkapsules, wat gewoonlik in pare staan. Dikwels sit daar slegs een of twee paar kapsules op een plant. As die saad ryp is, word die kapsule droog, bars oop en laat talle sade vry wat deur die wind versprei word.

In die winter is van die plant bogronds feitlik niks meer sigbaar nie. Dit is nie maklik, om die plant te vind as jy dit soek nie, tensy jy weet, waar dit groei. As dit nie blomme aan het nie, kan dit baie maklik met *Ceropegia schultzei,* voorheen *(Tenaris sch.),* verwar word, alhoewel dìe ‘n ander groeivorm het (een dun stingel, tot 30 cm hoog, ietwat vertak)

Hoewel nie baie bekend by inheemse bevolkingsgroepe nie, weet ons tog van die plant se medisinale gebruik. Boesmans drink ‘n worteltee teen erge hoes; dit help blykbaar selfs teen oop tering. Damaramense kou wortels teen keelseer en mangelontsteking. Jong vrugte kan geëet word.

Inligtingsbronne: Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard v. Koenen)
Flowering Plants of the Southern Kalahari (Noel & Gretel van Rooyen)
Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)
The Apocynaceae of Namibia (P.V. Bruyns)
https://uses.plantnet-project.org/en/Cynanchum_orangeanum_(PROTA)#Other_botanical_information

Teks en foto’s: Anka Eichhoff Desember 2022